

6 November

Skrifgedeelte: Psalm 74:1-23

Fokusgedeelte: Psalm 74:2 (1983-vertaling)

God se kerk leef, want Hy dink aan ons

Ondanks feesviering kan daar nog kommer wees oor die kerk. Wat van die klein invloed van die kerk op die samelewing, konflik en krimpemde getalle? Dit kan soms voel of die Here buite sy eie kerk staan en die vyand daarbinne.

In Psalm 74 lees ons van die vyand wat die volk van die Here oorweldig. Die ergste is: die tempel op Sion word geplunder en afgebreek. Dit voel die Here het hulle verlaat. Die psalmdigter worstel: Waarom, Here? Hoe lank, Here? Is dit vir altyd?

Sulke tye vra nuwe perspektief. God is in beheer van sy hele skepping. Hy beheer nog altyd alles op aarde met sy mag – dreigende vyande, die see, riviere, dag en nag en seisoene (vs 13-17). Sion lê miskien nou in puin, maar God het nog die laaste sê – en Hy is óns koning. Teen dié agtergrond die appèl: “Dink tog aan u gemeente wat U lank gelede u eiendom gemaak het, die volk wat U vir Uself as besitting verkry het, Sionsberg waarop U gewoon het!” (vs 2). Deur Jesus Christus is ons mos die Koning se eiendom, sy kosbare besitting wat Hy verkry het deur ons te red. Hy het sy vaste verbond met ons opgerig. Daarom kan ons pleit: Here, dink tog aan ons. Een gedagte, en alles sal verander.

Die voortbestaan van die kerk oor eeue heen, ondanks vele aanslae, bevestig: Hy dink altyd weer aan sy kerk. Selfs in die haaglikste omstandighede kan ons bely: Die kerk leef, omdat die troue Here aan ons dink. Ook in jou laagtepunt pleit jy: Here, dink aan my! Hoor sy antwoord: Verseker dink ek aan jou.

Sing: Psalm 40:8 (1936-beryming)

Ds JGL van der Walt (Worcester)